Skriflesing: Habakuk 3
Teks: **Habakuk 3:16-18**
Sing: Ps. 36:2; Ps. 130:1,3; Ps. 42:6,7; Ps. 118:1,2

Habakuk 3
Hab 3:1 ‘n Gebed van Hábakuk, die profeet, op die wysie van Sjigjonot.
Hab 3:2 HERE, ek het die tyding aangaande U verneem, ek het gevrees! HERE, roep u werk in die lewe in die midde van die jare; in die midde van die jare laat dit bekend word. In toorn, dink aan ontferming.
Hab 3:3 God kom van Teman en die Heilige van die berg Paran. Sela. Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van sy lof.
Hab 3:4 En glans soos sonlig is daar, ligstrale aan sy sy; en dáár is die omhulsel van sy krag.
Hab 3:5 Voor Hom uit loop die pes, en ‘n koorsgloed trek uit agter Hom aan.
Hab 3:6 Hy tree op en laat die aarde wankel, Hy kyk en laat nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge, en neergesink die ou, ou heuwels—paaie van die ou tyd vir Hom.
Hab 3:7 Ek sien die tente van Kusan met onheil oordek, en die tentdoeke van die land Mídian bewe.
Hab 3:8 Is dit teen riviere, o HERE, teen die riviere, dat u toorn ontvlam het? Of geld u grimmigheid die see dat U ry met u perde, u oorwinningswaens?
Hab 3:9 Heeltemal ontbloot is u boog; besweer is die pyle deur die woord. Sela. Tot riviere splyt U die aarde.
Hab 3:10 Die berge sien U en bewe van angs, ‘n wolkbreuk storm verby, die wêreldvloed verhef sy stem, steek sy hande omhoog.
Hab 3:11 Die son, die maan bly in hulle woonplek by die lig van u pyle wat verbyskiet, by die glans van flikkerende spies.
Hab 3:12 In grimmigheid betree U die aarde, in toorn dors U die nasies.
Hab 3:13 U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u Gesalfde. U verbrysel die kop van die huis van die goddelose en ontbloot die fondament tot by die nek. Sela.
Hab 3:14 U deurboor met sy eie pyle die hoof van sy leiers wat storm om my te verstrooi; wie se gejuig is asof hulle die ellendige in die skuilhoek wil verslind.
Hab 3:15 U betree die see met u perde, ‘n hoop magtige waters.
Hab 3:16 Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe; my lippe het getril by die geluid, bederf het gekom in my gebeente, ja, ek het gebewe waar ek staan, omdat ek rustig moes wag op die dag van benoudheid dat dit aanbreek vir die volk wat op ons ‘n aanval maak.
Hab 3:17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie—
Hab 3:18 nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil.
Hab 3:19 Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes. Vir die musiekleier op snaarinstrumente.

Skriflesing: Habakuk 3
Teks: **Habakuk 3:16-18**
Sing: Ps. 36:1; Ps. 130:1,3; Ps. 42:6,7; Ps. 118:1,2

Aan die begin van ’n Nuwejaar, broeder en suster dan is dit onafwendbaar. ’n Mens dink aan wat vir ons voorlê. In die meeste van ons lewens is daar altyd maar die dinge waaroor ons bekommerd is, dinge waaroor ons onseker is, ja ook die dinge waarvoor ons eintlik maar bang is. Natuurlik hang dit alles saam met baie van die dinge wat ons nie kan begryp nie. Die vrae wat bly draai ... waarom sekere dinge in my lewe is wat dit is en ek dit nie kan verander nie, want begryp ek dit in alle geval ook nie.

Wanneer ons die lewe van die profeet Habakuk hier aan die begin van 2014 nader trek, geliefdes dan het ons te doen met ’n profeet van die Here wat na sy lewe, sy land, sy omstandighede rondom hom kyk en wat sien hy?!

Dit is so 600 jaar voordat Christus as Mens gebore sou word. Habakuk is ’n tydgenoot van die profeet Jeremia. Die grootste deel van Israel, tien van die twaalf stamme was reeds deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer. Habakuk, Jeremia, albei knegte van God die Allerhoogste leef in ’n tyd waarmee daar na onsself gekyk moet word. Jeremia skryf in hfst. 7:9-10- ***9*** *Sal julle steel, doodslaan en owerspel bedrywe en vals sweer en vir Baäl offerrook laat opgaan en agter ander gode aan loop, wat julle nie ken nie,* ***10*** *en dan kom staan voor my aangesig in hierdie huis waaroor my Naam uitgeroep is, en sê: Ons is verlos! —om al hierdie gruwels te doen?*

***

Die regeerders van die land was afvallige mense. Jojakim wat koning oor Juda is, hy is die man wat die profeet Uria laat doodmaak het. So in teenstelling met sy pa Josia wat die land probeer lei het na God se wil, daar was goddelike hervorming in die tyd van Josia, maar nou het die koningkind, Jojakim en sy volk hulle rug op die goeie van die verlede gedraai. Die Egiptenare jet sy broer gevange geneem. Die broer wat eintlik koning moes wees en hierdie korrupte en inhalige Jojakim aangestel (vgl. Jer. 22:13-17). Hoor wat sê Jeremia oor hom- ***17*** *Maar jou oë en jou hart is net op jou onregverdige wins en op onskuldige bloed, om dit te vergiet, en op verdrukking en afpersing, om dit uit te voer.*

Jojakim was daarop uit om ook vir Jeremia dood te maak. Die lewe daarbuite was asof daar nie meer ’n ware kerk was nie. Dié wat voorgee om kerk te wees, die kerklike amptenary was so ongelooflik kragteloos en oppervlakkig. Dink maar aan die valse profeet Hananja in Jer. 28. Hananja wat so bang was hy kom in onguns by die koning en die volk. Wanner Hananja verlossing aankondig, hy maak asof die juk van hulle af opgetel gaan word, dan is dit alles vleitaal. Sulke valse profete lei die volk en koning tot ’n valse gerustheid en word hulle aan die slaap gesus. Dit is Jeremia wat dan aankondig met hierdie leefwyse in Israel is daar van verlossing geen sprake nie. Jer. 28:13- ***13*** *Gaan spreek met Hanánja en sê: So spreek die HERE: Houtjukke het jy verbreek, maar jy moet in die plek daarvan ysterjukke maak.* Tien hoofstukke later- in Jer. 38 – is Jeremia heeltyd in diepe ellende. Sy koning probeer hom heeltyd doodmaak, dwing hom in ’n modderput, nadat Jojakim vir Jeremia uit

God se mond hoor praat het, want teen en wil dank moes Jojakim maar luister, maar wat doen hy – ons lees in Jer. 36 dat Jojakim het die gelese stukke met minagting laat versnipper en verbrand.

***

Met dieselfde swaarkry en erns waarmee Jeremia sou worstel het Habakuk geworstel. Die tempelprofeet laat ons in die drie hoofstukke van sy profesie duidelike worstelinge, duidelik swaarkry aanhoor en aanskou. Hoor maar na sy groot vraag in hfst. 1- HOE LANK NOG, O HERE! Dan is dit asof Habakuk eintlik met die Here in 'n twisgesprek kom. Dinge waarmee hy homself mee vasloop. Hy kon nie begryp hoe kan God ons so laat swaarkry nie. Dit is asof God onafgetrokke, heeltemal afwesig teenoor ons staan. Eers is dit asof God ons nie antwoord nie.

En wanneer God dan uiteindelik antwoord dan kry Habakuk die skok van sy lewe. Habakuk moet hoor dat die wetteloses wat oor hulle regeer, kom van God af. God het sulke mense oor hulle losgelaat. Ontsettend om dit te hoor en te moet aanvaar dat God die heidense Chaldeërs as tugroede teen sy eie volk gaan gebruik. Daar gaan nog groter moeilikheid kom. Nog méér onreg, nog méér wetteloosheid, nog méér geweld. Wanneer Habakuk na so 'n antwoord moet luister dan besef hy soos van die dinge letterlik hier staan, die wet van die Here het moeg geword – Hab. 1:4 – dit is vertaal as *die Wet het sy krag verloor...* Hier gebeur eintlik iets ironies. As die wet deur die mens magteloos gemaak word dan laat God die wetteloosheid magtiger word.

Baie mense se houding is maar God sal dit mos nie doen nie. So het Jojakim en die volk ook geredeneer. Ons is mos darem die nageslag van Dawid. God het dan aan Dawid gesê dat sy koningskap nooit van sy huis sal wyk nie. Die feit is as die mens hulle aan God se heilige gebooie nie steur nie dan sal God heidense magte as nietige instrumente gebruik om die mens tot sinne te ruk. Ons maak die fout van ons lewe as ons dink ons is die onaantasbare. Ons hoef nie ernstig na God te luister nie. Ek is mos maar my eie baas. Dit waarmee ons gewaarsku word, is maar bangmaakstories, ons hoef ons regtig nie meer daaraan te steur nie. Broeder en suster, tragies as ons met so 'n houding 2014 sal wil ingaan...

***

Laat ons ernstig na onsself kyk en ons deurloop iets van wat ons hier in Habakuk lees van die profeet wat gedink het die swaarkry moet ophou...*Hoe lank nog, o Here...* terwyl daar eintlik by jouself iets moet gebeur. Die Here sal dinge anders maak as ek anders word. Dit is

iets van ’n kerngedagte wat ons met ons moet saamneem. Die Here laat dinge anders word omdat ons anders word. Hoe kan dit gebeur? Habakuk moes eintlik net twéé dinge geleer het. Dit is wat ons ook maar moet leer. Ek moet die geloof vooropstel. Dit is die eerste en die allerlaaste wat moet gebeur. Die geloof moet my dra. Ons dra nie die geloof nie, maar die geloof dra ons... en die twee dinge wat deur die geloof moet gebeur is eintlik baie eenvoudig- ek moet leer om met die oog van die geloof op my lewe terug te kyk en ek moet leer om met die oog van die geloof vorentoe te kyk. **KYK TERUG, KYK VORENTOE, DIT ALLES DEUR DIE GELOOF.**

***

En in hierdie geloof kom ons soos op ’n wagtoring. Soos ons vandag hier bymekaar is, moet ons eintlik mekaar afvra is jou wagtoring vir 2014 gereed?! Dit is iets van Hab. 2:1 wat moet gebeur*: **1** Op my wagtoring wil ek gaan staan en op ‘n skansmuur my stel, en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek, en wat ek op my klagte moet antwoord.* ’n Wagtoring, soos ons weet verbeter jou uitsig. Jy kyk na buite jou stad, sien dinge van buiteaf, jy sien dit net beter want jy is op die wagtoring, maar dieselfde wagtoring bring jou ook op hoogte wat binne die stad aangaan. Ek moet altyd na twee kante kyk, na binne en na buite. Ek kyk dan vêrder as die hier en die nóú!

Dit is presies wat met Habakuk gebeur het. Op my wagtoring en op my skansmuur. Die skansmuur wat jy vir jou moet opstel is die plekke waar jy jou kan afsonder. Op die wagtoring kyk ek... op die skansmuur luister ek en ek praat. Ek voel daar veilig om te praat. Die binnekamer van my geloof, my gebedslewe, my kerklike lewe, my huweliks- en gesinslewe, finansies, die Nuwejaar, oor hierdie dinge wil ek met my God praat. God is dan Self my skansmuur, Hy lig my uit, Hy gee my uitsig, maar Hy gee my ook die skansmuur, die geborgenheid, die veiligheid, daar is niemand beter om mee te praat as die Here Self nie! Dit gaan oor die vrae na waarheen is ek op pad, wat gee my vastigheid en sekerheid, maar ook praat ek oor die dinge wat my pla, wat my wil gek maak.

***

As ons so deur Habakuk se worstelinge lees, broeder en suster, dan is ons intens hierby betrokke want God gee nie aan Habakuk, vêr en los antwoorde nie. Die antwoorde aan Habakuk, dit wat hom vaste grond gee, is die vaste grond waarop ons ook kan gaan staan. Op die einde kom daar geloofsberusting en geloofsoorwinning. Ja, berusting en oorwinning... Hoe belangrik is die twee dinge nie?! ’n Leë kraal, ’n kaal vyeboom, ’n gestroopte wingerd, ’n verkreukelde olyf, ’n droë saailand, maer beeste, daarin kan ook berusting wees, ja selfs

oorwinning maar laat ons eers weer teruggaan! Niks kan gebeur sonder die Here en sonder geloof nie!

Die Heilige Gees neem Habakuk in besit en deur al sy worstelinge word sy moeite vervleg tot drie groot oplossings. Sien hierdie dinge raak dan sal jy ook na jou eie lewe anders begin kyk. Ons moet besef God is ewig, God is getrou en God is absoluut regverdig. As ons op ons lewe terugkyk dan sien ons dit raak, hoe God ewig is. Habakuk het gevra is *U dan nie uit die voortyd nie...* (1:12) God se antwoord is dat Hy nie aan die geskiedenis en nie aan die wêreld en nie aan die mens onderworpe is nie. Hy is bó dit alles verhewe. Hy is van ewigheid af daar, Hy is vandag hier, Hy sal tot in ewigheid dieselfde God wees. God is ewig maar Hy is ook getrou. Hy is getrou want so is God se Naam 'n bewys van sy getrouheid. Die Naam HERE (al vier hoofletters) , soos wat Habakuk in hfst. 1:12 al die Here aangeroep het, is sy verbondsnaam. ***12*** *Is U dan nie uit die voortyd nie, o HERE, my God, my Heilige?* Ons kan elkeen op God vertrou. Habakuk noem die Here... *my God, my Heilige...* Ons kan die Here nog altyd noem Onse Vader... Daar is geen groter en beter bewys van God se getrouheid as om te mag weet hierdie God wil vir my 'n Vader wees, ek is sy kind. Deur Jesus Christus het God vir ons my Vader, jou Vader, onse Vader geword.

Die derde vastrapplek wat ons verkry saam met die feit van God wat ewig is, Hy is getrou, is God se absolute geregtigheid. God die Heilige –weereens hfst. 1:12- bewys God se absolute integriteit. By God is daar geen kwaad teenwoordig nie, ook geen kwaadwillige motiewe, dit waarmee ons as mense deurtrek is nie. God doen altyd wat reg is, wat ook in beste belang van sy kinders is... Daarom kan ons weet God die Regverdige bring die reg na vore, al mag dit op 'n tyd wees wat ek dit vroeër verwag het, maar die reg sal seëvier. Ons moet eenvoudig dit aanleer om op die Here te wag, God se horlosie is aan die beweeg al gebeur dit met die tyd wat God dáárop plaas. Baie keer gebeur die dinge stukkie vir stukkie.. ja dit is net een tree op 'n slag. Tog kan ek weet dat God weet. In my wagtoring kan ek dit as voorveronderstelling saamdra dat die Here waarlik verstaan. In die pad wat Habakuk met die Here loop is dit deel van die wonderlike wat God hom laat sien het. Dieselfde as waarmee Paulus later die kern van die evangelie kon saamvat- Habakuk 2:4- *Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.*

Hierdie geweldige uitspraak staan saam met die geloof. Hou voortdurend rekening met God, hou gelowig rekening met God. God se geregtigheid word ons geregtigheid, maar op God se

tyd. God se geregtigheid sou ons geregtigheid kon word, maar alleen in wat Jesus Christus kom doen het. Geregtigheid deur die geloof is waarna ons kan uitsien, want ons besef deur die wet kan ons nie geregtigheid verkry nie, maar tog kan ons bly glo, al struikel ek, al val ek, ek kan opstaan. Ek kan maar net dankbaar wees dat ek nie my eie geregtigheid moet uitwerk nie, dat ek wat die Wet nie uit myself kan nakom nie, tog die Wet in Christus naleef. Hy wat reeds die Wet ten volle nagekom het.

***

Die regverdige deur sy geloof sal hy lewe gee die volkome raamwerk van hfst. 3. Dit bring Jesus Christus, die volmaak Regverdige na vore, want wie dit besef het 'n keerpunt in sy lewe bereik. So een kan waarlik 2014 tegemoetgaan. Dit is waarmee die lied van Habakuk 3 mee gevul is. Ja party Skrifverklaarders sê dat Habakuk 3 net sowel as 'n Psalm gelees kan word. Die geloof wat u tot nou toe gedra het, die geloof wat u in hierdie jaar sal dra, deur hierdie geloof kan ons lewe, want Jesus Christus het God se geregtigheid ons regverdiging kom maak. Op die wysie van Sjigjonot het Habakuk hierdie lied, ja hierdie soort Psalm ingesit (3:1) . Die woord *Sjigjonot* kom van die Hebreeus wat "groot maak" beteken. Ons moet die Here prys, uit verlede hede en toekoms...

Ons kan dit in hfst. 3 sien hoe Habakuk die geweldige kontraste eenvoudig langs mekaar plaas want het Hy God aan sy kant. Een oomblik is hy nog bang en bewe hy soos 'n riet, skielik kan hy sterk wees soos 'n soldaat. Kan hy onbevrees sing soos iemand wat bevry is. Ook God se kinders word bang, ook is ons nie altyd seker van ons saak nie, maar tog kan ons weet alhoewel die vyeboom nie bloei nie, die wingerdstok geen vrug lewer nie, die drag van olyf stel teleur, die saailand is 'n misoes, my kleinvee raak weg, die beesstalle staan leeg. Hierdie vrugte wat Habakuk noem, vye, olywe ,druiwe is die bekendste in die land Kanaän. Hier bome is beeld van vrugbaarheid en weelde. Saam met die vrugte noem Habakuk diere, kleinvee en beeste, ja dit vorm weer beeld van voorspoed, rus en vrede. Weelde en vrugbaarheid, rus en vrede en voorspoed, dit waarmee ons mekaar hierdie jaar toewens, dit kan ons dalk nie geval nie. Dit kan van ons weggeneem word. Die Chaldeërs het soos 'n tornado Israel van al hierdie dinge beroof. Daar het niks oorgebly nie.

Tog sing Habakuk van vreugde. Hier aan die einde al is die aarde verskroei en die krale is leeg kan Habakuk bly sing. Hoe is dit moontlik? In ons teëspoed, dit wat hierdie jaar ook op ons wag, weet ons dit sal nie net goed gaan nie, moet ons onsself afvra sal ek steeds kan sing. Ja, broeder en suster, maar dan moet ons waarlik raaksien die "NOGTANS VAN ONS

GELOOF". Hierdie enkele woordjie- NOGTANS, dit is baie belangrik. Ons moet nie sê daarom sal ek kan sing nie, maar ons moet kom by nogtans sal ek kan sing.

Habakuk se profesie loop van angs na ekstase. Die draaipunt was alleen die geloof. Geloof wat ons optel is die werk van God deur die Heilige Gees. Dit wat sielkunde nie kan doen nie, allerhande medisynes en behandelinge, dit alles kan wonderlike middele in die hand van die Here wees, maar dit kan nie doen wat die ware gelowige hier ontvang nie. Geloof vorm die beste terapie wat daar kan wees.

Habakuk het teruggekyk en raakgesien alles wat God in die verlede al gedoen het. Hy praat van die Here wat in glans verskyn en voor God loop die pes (vv 4-5) Dit herinner aan die plae in Egipteland. Habakuk sien in die geskiedenis hoe God die Rooi see oopgekloof het, God het die berge laat bewe toe Hy by die berg Sinai verskyn het. Alles dinge in die verlede, selfs die sondvloed, wat 'n wêreldvloed was, maar daarmee kan hy vorentoe kyk. Ook ons vandag. Daar is droogtes wat ons al moes deurlewe, oop grafte waarby ons moes staan, onvervulde ideale, ernstige siekte, werkloosheid, ag daar is so baie beproewinge, dan kan ons dit saam belewe soos Habakuk gesê het, al hierdie dinge het my ingewande laat bewe, daar kom bederf in my gebeente (v 16).

Nogtans staan eintlik al geskrywe nog voor Habakuk gesê het NOGTANS, want in hfst. 2 was hy gedring tot die besef die regverdige sal lewe, sal lewe uit die geloof, alleen uit die geloof kan ons geregverdig lewe. Wat ook al gebeur, ons kan reeds in God se reg en God se regverdiging ons troos en sterkte vind. Hoe ons ook al hierna kyk, die regverdiging en die lewe staan aan God verbind en nie aan wat ons omstandighede is nie. Daarom dat Habakuk eintlik dieselfde sê en dieselfde slotsom saamvat as wat by Abraham en wat by Jakob op sy sterfbed gegeld het. Dit wat ons in vers 13 lees is eintlik die finale hoogtepunt. ***13*** *U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u Gesalfde.*

Geliefdes dit alles kan net in Christus ons slotsom wees. God se Gesalfde is Christus. Die uiteindelike verlossing handel om Christus. Ons is om Christus ontwil verlos. As Habakuk sê dat God trek uit tot redding van sy volk en ook tot redding van sy Gesalfde, dan tref dit ons, die Gesalfde moes Self ook gered word. Dit bring ons by wat Christus kom doen het. Hy het so diep in ons ellende in gedaal dat Hy in alles ons verdrukking moes deurgaan. Soos Israel uit Egipte verlos moes word, het God vir Christus uit Egipte geroep. Die Verlosser moes self

ook verlos word. Elke verlossing wat daar al in die Ou Testament was, was 'n bevryding in Christus. Daarom ons in Christus, Christus in ons, ook in 2014. Habakuk noem Christus nie op die Naam nie, maar niks wat hy hier aan die einde van sy profesie besing, niks hiervan is sonder Christus moontlik nie. Dit laat ons soos Habakuk na God kyk en ons weet God is die God van ons heil. Vers 18- ***18*** *nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil.*

Aan die begin van 2014 kan ons weet, wat ook al met my kan gebeur, die God van my heil, het in die verlede groot dinge gedoen. Elke gelowige vorm deel van die nog groter plan van God. Selfs in die grootste smarte en ellende kan ons op die Here bly vertrou. Ons berusting en ons oorwinning is net in God deur Christus. Die Heilige Gees laat ons besef met my verstand en my eie kragte, eie vermoëns kan ons nie staande bly nie, dan sal die teëspoed, die kaal bome en die leë krale my geweldig ontstel. Ek sal nie weet hoe om aan te gaan nie. Tog kan ons glo, die regverdige wat uit die geloof die lewe vind, vind in Christus berusting, kan in Christus oorwin. Ja, in 2014 leef in die geloof, U is reeds in die geloof geregverdig, u kan elke dag met goddelike meganika voortgaan, deur nie maar net op u tande te byt nie, maar tree vir tree elke dag aftree soos met die voete van 'n hert. Hierdie bergbok het 'n Godgegewe instinktiewe vermoë om sy agterpootjie presies neer te sit waar hy sy voorpootjies optel. Daarom kan hy veilig oor die hoogste rante en die smalste rotslyste beweeg. Dit word nou u vermoë, want ons vertrou op die Here. Hy die ewige God, Hy die Een op Wie ons altyd kan vertrou, want Hy is getrou. Hy verstaan ons, Hy weet wat is reg, ook nou vir jou en my. In 2014 is dit waarmee ons kan vorentoe gaan. Die ewige God in sy trou en in sy reg laat my op my hoogtes tree, op hoë plekke laat Hy my veilig loop, al is daar ook laagtes.

AMEN